

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 21 Oktober 2018 – Oggend**

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.  
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.  
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

Loflied: Psalm 107:1, 3 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!  
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;  
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,  
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan  
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan.  
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,  
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 141:1, 3, 4 (p. 683)

- 1 As daar vir my geen hulp of raad is, / roep ek, o HEER, hoor my gebed!  
Ag, haas U tot my hulp, en red / voordat dit hier met my te laat is.
- 3 Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie! / Rys smaadtaal uit die hart se grond –  
ag, wil dit wegweer van my mond, / dat ek u Naam nooit mag onteer nie!
- 4 Bewaar my hart, gedagte<sup>en</sup> handel, / sodat ek nooit die vreug mag smaak,  
of deel mag neem aan feesvermaak / van wie in goddeloosheid wandel.

Gebed

Psalm 111:4, 5 (p. 554)

- 4 Die werk van God is reg en waar: / onwrikbaar-vas, onwankelbaar / wat sy bevel aan ons verkondig;  
bevestig is dit in sy stand, / verwerklik word dit deur Gods hand / in trou en regtheid, diep en grondig.
- 5 Hy het sy volk bevry, bewaak, / vir ewig sy verbond gemaak: / sy Naam is vreeslik, hoog verhewe.  
Sy vrees is wysheids-aanbegin. / Kom wandel dan dié heilsweg in! / Aan Hom sy ewig lof gegewe.

**Skriflesing:** Matteus 6:19-24; Jesaja 44:1-11

**Kernverse:** Matteus 6:24

**Niemand kan twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!**

(Matteus 6:24 AFR53)

**Tema:** Is God regtig vir jou die almagtige God op wie jy jou hede en toekoms bou?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die mense wat deur Jesus Christus verlos is en aan wie die Heilige Gees die ware geloof gegee het, het voorregte wat die Here uitsluitlik aan hulle gee. Hierdie voorregte sluit in dat die Here persoonlik met hulle praat sodat hulle Hom kan ken en vertrou. Daarby leer Jesus die gelowiges ook hoe om tot die almagtige God te bid.

Aan die begin van die gebed wat Jesus ons in Matteus 6 leer, het Hy dit vir ons duidelik gemaak dat God almagtig is. Hy is God wat in die hemel is en aan wie alles op die hele aarde behoort. Verder wys Hy ons daarop dat die almagtige God ter wille van Christus ook die Vader is van die gelowiges. Mense wat dus weet en vertrou dat Jesus Christus hulle verlos het, mag die almagtige God as Vader aanroep, hulle vertrou ten volle in Hom stel en weet dat Hy hulle sal versorg met alles wat hulle nodig het. Dit wat Jesus aan die begin van die gebed aan ons geleer het, gaan Hy nou verder toepas in die gelowige se openbare lewe.

In die eerste deel van Matteus 6 word ons aandag daarop gevestig wie God vir ons is wanneer dit by ons private lewe van gebed, barmhartigheid en vas kom. Hy is die God wat in die verborgene kan sien en weet dat sy kind Hom met sy gebed, barmhartigheid en vas dien en eer. Daarom wil die volgelingen van Jesus nie ander mense se aandag trek wanneer hulle bid, barmhartigheid bewys en vas nie. Jou hemelse Vader sien al hierdie dinge raak sonder dat jy dit vir die wêreld hoef uit te stal. En die gelowige weet dat sy Vader wat sien wat hy daar privaat en persoonlik vir Hom doen, hom sal beloon.

Van vers 19 af tot aan die einde van Matteus 6 leer Jesus ons dat ons openbare lewe net soveel met God te doen het as wat bid en barmhartigheid met God te doen het. Wanneer dit by geld, besittings, kos, klere en ambisie kom, sê die Here nie vir ons dat Hy niks daarmee te doen het nie. Inteendeel, Jesus wys ons daarop die almagtige God steeds die Vader is van die gelowige wanneer dit kom by hierdie sogenaamde wêreldse dinge.

Broers, susters en kinders, wanneer dit by ons geld en besittings kom, moet ons 'n duidelik keuse maak. Of ons gaan saam met die populêre siening van die wêreld wat altyd die meeste en die beste besittings en geld wil hê, of ons val meer en meer in by wat die Here van sy kinders verwag. 'n Christen mag nie 'n draadsitter wees nie. Maar hoe maak 'n mens nou 'n keuse? Ons is mos mense, en natuurlik gaan die blink goed en die groot ambisies van die wêreld ons aandag trek. En dit is moeilik om nie materialisties te wees nie. Almal van ons sal saamstem dat dit aangenaam is om te weet jy het baie geld en al die besittings wat jy nodig het. In hierdie gedeelte leer Jesus ons om reg te kies. Aan die een kant wys Hy hoe dom dit is om die verkeerde keuse te maak. Aan die ander kant toon Hy aan hoe wys dit is om die regte keuse te maak. En elke keer kom dit terug na wie God regtig is. Is Hy die almagtige God op wie jy jou hede en toekoms bou?

Die eerste les wat Jesus ons leer: As God regtig jou Vader in die hemel is, sal jy daarop gefokus wees om skatte in die hemel bymekaar te maak. In hierdie dae waarin die lewenskoste maand na maand styg, soek almal na geleenthede om die beste belegging te maak – 'n belegging wat die beste opbrengs sal lewer. Daarom is hierdie les nie te moeilik om te begryp nie. Jesus praat van twee plekke waar jy skatte bymekaarmaak of beleggings maak. Die duursaamheid van elkeen van die twee beleggings maak die keuse eintlik baie maklik. Eenvoudig gestel: jy gaan mos nie jou hard verdiende geld by 'n twyfelagtige maatskappy belê wat nie eers 'n waarborg kan gee dat jou geld veilig sal wees nie. Jy gaan na 'n bank of 'n maatskappy wat standvastig is en waarborge kan gee.

Nou sê Jesus: Wanneer jy skatte op die aarde bymekaarmaak, is dit net soos om jou geld by 'n twyfelagtige maatskappy te belê. Aardse skatte kan vernietig word. Motte vreet jou mooiste klere op. Roes vreet soos kanker in daardie duur kar van jou. En om jou skatte agter slot en grendel te hou, is ook nog nie 'n waarborg nie. Diewe is uitgeslape en slim. Op die een of ander manier breek hulle in en steel.

Ons moet Jesus nie verkeerd verstaan nie. Hy sê nie dat ons glad nie besittings mag hê nie. As jy 'n mooi kar of 'n groot huis het, of geld om met vakansie te gaan, is dit nie 'n sonde nie. Jy sou daardie goed nie gehad het as die Here jou nie die krag gegee het om te werk en geld te verdien en dit vir jou te koop nie. Wat ons het, gee die Here vir ons. Vir Job en Abraham het die Here oorvloedig geseën sodat hulle in daardie tyd, geoordeel na hulle besittings, as ryk mense bekend gestaan het.

Die Here sê ook nie dat gelowiges nie vir die toekoms of vir aftrede mag spaar nie. Daar word met lof van die mier gepraat wat in die somer kos bymekaarmaak vir die winter. Iemand wat nie voorsorg tref nie en nie vir homself en sy mense sorg nie, is slegter as 'n ongelowige, skryf Paulus aan Timoteus (1 Tim 5:8). Dit is immers die Here wat aan Josef wysheid ge-skenk het om in die sewe goeie jare graan bymekaar te maak vir die sewe jare van droogte. Die Here wil hê dat sy mense verstandig moet werk en spaar. Die Here wil ook hê dat gelowi-ges sal geniet wat Hy aan hulle gee. As jy vleis kan bekostig, geniet dit met danksegging. As jy met vakansie kan gaan, geniet dit ook met danksegging.

Maar wat die Here wel verbied met die bymekaarmaak van aardse skatte, is daardie selfsug en gierigheid. Jy maak so naarstiglik bymekaar en klou so angstig aan daardie geld en besit-tings vas asof jou lewe daarvan afhang. Jy lewe 'n buitensporige luukse lewe. In plaas van 'n eenvoudige kar vir jou studentekind koop jy 'n 4x4. In plaas van 'n eenvoudige braaivleis slag jy die hele kalf om te braai. En in die tussentyd is jy hardvoggig en kwel jy jou nie oor die honderde mense wat nie 'n stukkie brood of 'n kombes kan bekostig nie, want jou geld is mos joune. Jy het daarvoor gewerk.

Dit is oor hierdie manier van aardse skatte bymekaarmaak waaroor Jesus praat. As jy aardse skatte op die verkeerde manier bymekaarmaak, kan jy maar seker weet dat jou hart ook op hierdie skatte gevestig sal wees. Dit is jou belegging, maar dit is 'n belegging wat beslis nie groei nie maar al minder en minder word in waarde.

Die hemelse skatte wat die Here wil hê ons bymekaar moet maak, is onvernietigbaar. By hierdie skatte kan daar nie motte en roes en diewe uitkom nie. Dit is 'n belegging waarvan die waarde nooit kan verminder nie. En jy kan maar weet dat daar nie een bank of maatskappy is wat so 'n waarborg kan gee nie.

Nou sal jy kan vra: Maar wat belê 'n mens en hoe belê 'n mens, as jy skatte in die hemel bymekaarmaak? Hierdie skatte is dinge wat ons doen wat ewigheidswaarde het. Dit is om jou hoe langer hoe meer aan die Heilige Gees te onderwerp wanneer Hy jou vernuwe na die beeld van Christus en dan hierdie beeld ook te vertoon. Jy vertoon die beeld van Christus deur gehoorsaam aan God te lewe. Ook wanneer jy groei in geloof, hoop en liefde, is jy besig om die skatte bymekaar te maak. Want van alles wat ons doen, is geloof, hoop en liefde die dinge wat bly. En die grootste hiervan is die liefde.

Paulus vertel aan die Filippense dat hy vroeër aardse skatte bymekaargemaak het deur die wet te onderhou en te dink hy gaan so sy plek in die koninkryk van God verseker. Maar nadat hy Christus leer ken het en weet wat Christus ook vir hom gedoen het, beskou hy

daardie dinge van vroeër as waardeloos. Om Christus te ken oortref alles in waarde. Daarom laat elke gelowige daarna streef om Christus nog beter te ken en om vir ander mense te vertel dat Hy die enigste en volmaakte Verlosser is. So belê jy by die Here. En as jy ook nog die aardse middele wat die Here aan jou gee oordeelkundig gebruik en as 'n rentmeester van God lewe, maak jy hemelse skatte bymekaar.

Nou moet ons goed daarop let dat 'n mens hierdie dinge nie doen om die Here te beïndruk of om 'n plek vir jou in sy koninkryk te verseker nie. Die gelowige doen dit omdat hy die Here liefhet en Hom wil gehoorsaam. Hy maak skatte in die hemel bymekaar deur te groei in geloof, kennis en vertrouwe sodat hy die beeld van God in al sy doen en late kan vertoon. Wanneer jy skatte in die hemel bymekaarmaak, sien jy nie dadelik die resultate nie. Die resultate sal jy sien die dag wanneer God jou werke uit genade gaan beloon. Hy sê self dat getroue werk in diens van die Here nie tevergeefs is nie (1 Kor 15:58). Is God jou almagtige Vader op wie jy jou hede en toekoms bou wanneer dit kom by skatte bymekaarmaak?

Die tweede saak – die oog as lamp van die liggaam – lyk aanvanklik asof dit nie hier pas nie. Maar dit gaan steeds oor dieselfde saak, naamlik wie God vir jou is wanneer dit kom by jou geld en goed in die daaglikse lewe. Om skatte in die hemel bymekaar te maak, vestig jy jou hart en gedagtes op die dinge wat God wil hê. Wie sy hart op die regte plek hou, het ook 'n goeie en gesonde oog. Dit gaan daarvoor hoe 'n mens kyk na die lewe en mense rondom jou wanneer jy aan jou besittings dink.

Die mens wat met die Bybel as bril en met die Heilige Gees as sy oogkundige na die lewe en die mense rondom hom kyk, sal raaksien wat God sien. Hy sal iets aan die ellende wil doen waarin iemand is as gevolg van sy sonde en omdat hy Christus nog nie ken nie. So 'n mens sal ook wanneer hy die hartseer en eensaamheid in die oë van ander mense raaksien, iets daaraan wil doen. So mens wil en gaan God se liefde en genade en troos vir sy naaste bring omdat hy self die genade, liefde en troos van God in Christus ondervind. Iemand wat God en sy naaste so dien, omdat sy oog goed is, se lewe kry betekenis. Daar kom lig in so 'n mens se hele lewe.

Maar die mens wat aardse skatte bymekaarmaak en sy hart daarop vestig se oog is sleg. Omdat hy selfsugtig is, het hy in morele duisternis verval. Vir die nood en hartseer van die mense in hierdie wêreld gee hy nie om nie. Sy goed is syne en hy deel met niemand eers 'n krummel van sy tafel nie. Uiteindelik word so 'n mens onverdraagsaam, onmenslik en hard. Met so 'n materialistiese uitkyk op die lewe word sy lewe van alle betekenis beroof. Hy verloor die sin van die werklike waarde van die lewe, en naderhand is sy eie lewe so 'n groot stuk duisternis dat hy nie eers weet waarheen hy gaan nie.

Wie se hart op die regte plek is, het 'n goeie oog en sy lewe het nou al op aarde groot betekenis. Maar die mens wat sy hart op die verkeerde plek vestig, het 'n slegte oog en uiteindelik raak sy hele lewe nou al op aarde eintlik waardeloos en sonder betekenis. Is God jou almagtige Vader op wie jy jou hede en toekoms bou wanneer dit kom by die manier waarop jy jou besittings en die mense rondom jou beoordeel?

Wanneer Jesus by die derde saak kom, wys Hy vir ons dat daar nog 'n meer basiese keuse is wat die eerste twee keuses gaan beïnvloed. Die keuse om skatte in die hemel of op die aarde bymekaar te maak en die keuse hoe 'n mens omstandighede en mense gaan be-oordeel, word bepaal deur hierdie keuse: Wie gaan jy dien – God of mammon? *Mammon* is 'n Aramese woord wat ons met *welvaart* of *rykdom* kan vertaal.

Jesus sê dit ondubbelsinnig: **Niemand kan twee here dien nie.** Jesus praat nie van 'n werknemer wat by twee werkgewers werk nie. Die beeld agter hierdie woorde is die van 'n slaaf en 'n slawe-eienaar. Een slaaf kan nie die eiendom van twee eenaars wees nie.

Glo jy dat Jesus Christus jou ook met sy kosbare bloed losgekoop het uit die mag van die sonde en die duiwel? Ja? Dan is jy nie meer 'n slaaf van die sonde en die duiwel nie. Jy behoort dan met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan jou troue Saligmaker, Jesus. En as Jesus jou Here is, is God ook jou Here, want Jesus en die Vader is Een. As jy dan verlos is deur Christus, moet nooit dink dat jy God en mammon kan dien nie.

Daar is mense wat nie met Jesus saamstem nie. Hulle sê jy kan God dien en ook welvaart en sukses in hierdie lewe najaag. Jesus sê dit kan nie gebeur nie. Jy sal sien dat die mense wat sê dat hulle God en mammon kan dien, miskien God op Sondae dien, maar die res van die week dien hulle mammon, of hulle dien God met hulle lippe en mammon met hulle hart. Hulle gee voor om God te dien, maar in werklikheid dien hulle mammon.

Dit is die lig van God se woorde in Jesaja 44 wat ons die wysheid van die regte keuse en die onnoselheid van die verkeerde keuse duidelik laat raaksien. Wie vir mammon dien, dien 'n god sonder 'n hart. Mammon kan nie help nie, hy kan hoor nie, hy gee niks nie; intendeel, hy vra die hele tyd. Hy eis naderhand 'n mens se hele lewe op. Kyk maar hoe lyk die mens vir wie welvaart en rykdom alles in die lewe geword het. Hy werk homself in 'n koma in, sy gesondheid ly daaronder, sy gesinslewe is daarmee heen. En as hy al die geld en goed bymekaargemaak het, het hy niks anders oor as 'n stomme, dowe god nie. So 'n mens word teleurgestel en staan verleë, want hy het inderwaarheid niks nie.

Wie God dien, dien die lewende Here wat hoor en praat en doen. So 'n mens dien die God wat omgee, daarom praat Hy ferm en streng met ons, want Hy wil nie sien dat 'n sondaar as gevolg van sy sonde sterf nie. So 'n mens dien die God wat hoor wanneer sy diensknegte met Hom praat en in sy oor kla. So 'n mens dien God wat sy mense liefhet, want Hy het 'n hart. En Hy wys sy hart vir ons, want sy liefde word daad. Hy is die God wat mense so liefhet dat Hy sy enigste Seun vir hulle aan die kruis laat sterf het. Hy wreek sy Seun uit die dood uit op sodat mense die lewe deur die Heilige Gees in die geloof kan ontvang en omhels. Hierdie God van ons is die Almagtige, die Koning aan wie alle eer toekom, want Hy het seggenskap oor alles. Ons God, die Here van hemel en aarde, het 'n hart vol liefde en genade, want Hy is ons Verlosser. Wie is vir jou God? Die hartelose, koue mammon, of die lewende Here wat sy Seun ook vir jou gegee het?

As die lewende God van hemel en aarde jou persoonlike God is, bou dan jou toekoms en hede op Hom alleen.

**Amen!**

Gebed

Slotpsalm 91:1, 8 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,  
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.  
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;  
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
- 8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;  
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.

Die menseleefyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,  
sodat hy blye<sup>en</sup>aanskouer word / van al my reddingsdade.”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

### **Katkisasieopening**

Psalm 134:1, 2, 3 (p. 653)

- 1 O priesters, wat voor God bly staan, / wanneer die sonlig ondergaan,  
wanneer die laaste straal verskiet – / o loof die HEER in sang en lied!
- 2 O hef vir ons 'n naglied aan, / wanneer ons weer van hier moet gaan;  
hef priesterlike hande<sup>en</sup> pleit, / as alles rus in donkerheid.
- 3 Die HEER se seen sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.  
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seen oor u gebied.

**Ds Coenraad Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**21 Oktober 2018**